## VRAAG 9: WOORDSTRUKTURE

**Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.**




(Bron: *Beeld,* 31 Oktober 2023)

**Doen elke keer wat tussen die hakies gevra word. Skryf slegs die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR neer.**

Die Springbokke ontmoet **(9.1 ... – gee die korrekte voorsetsel)** die wedstryd in die kleedkamer. Faf trek **(9.2 onmiddellik/onmiddelik – kies die korrekte spelling)** sy broekie met die **(9.3 land + vlag – vorm 'n samestelling)** aan. Al die **(9.4 spanlid – gee die meervoud)** is baie bly dat ons die wêreldbeker gewen het.

Rassie maak reeds **(9.5 nuut – gee die korrekte vorm van die woord)** planne vir die **(9.6 vlg. – skryf die afkorting uit) wêreldbeker.** Hy hoop hierdie jaar was die **(9.7 eerste – gee die antoniem)** keer wat ons met net een **(9.8 punt – gee die verkleinwoord)** wen. Dit sal **(9.9 goed – gee die vergrotende trap)** wees vir ons almal se senuwees!

Net Eben en Siya luister na die **(9.10 iemand wat rugby afrig – gee een woord)**. Hulle is beste **(9.11 vriende – gee die sinoniem)**, want hulle het ook saam rugby gespeel **(9.12 wanneer/toe – kies die korrekte woord)** hulle jonger was. Siya is baie mense se rolmodel. Almal is lief vir **(9.13 ... – gee die korrekte voornaamwoord)**, want hy is iemand **(9.14 wie/wat – kies die korrekte betreklike voornaamwoord)** hoop bring aan ons nasie.

Die **(9.15 sing – gee die teenwoordige deelwoord)** spelers maak beurte om die **(9.16 trophy – gee die Afrikaanse vertaling)** vas te hou. Sjoe, dis lekker om die wêreldkampioene te wees!

**[½ x 16 = 8]**